19 Julie 2009

SONDAG

WAT JY WIL WEET

NICOLA SE GELUK IN N.Y.

Die model Nicola Breytenbach en haar man, Ben Steiner, se babadogtertjie het Vrydag haar opwagting gemaak.

Nicola se goeie nuus weeg 4 kg

Halfagt Vrydagaand het die model Nicola Breytenbach (31) goeie nuus ontvang.

Letterlik.

Sy en haar sakeman-man, Ben Steiner, het 'n 4 kg-babadogtertjie genaamd Evangeline ryker geword.

Die kleinding se naam beteken letterlik "goeie nuus" en sy't uiteindelik haar opwagting in die Mount Sinai-hospitaal in New York gemaak, al was dit nou twee dae laat.

Nicola en Ben het in spanning gewag op die koms van hulle eersteling, maar ten minste kon die dokters hulle gerusstel dat ma en kind gesond was.

Daar was sprake dat as die baba nie binne die volgende week gebore sou word nie, Nicola 'n induksie sou moes kry.

Nicola en Ben was onlangs in die nuus omdat hulle tot sy byna ses maande swanger was steeds ontken het dat hulle 'n poppie in die kas het.

Nicola se ma het uit Wene gevlieg om haar by te staan en haar vernuf ingespan om die babakamer te verfraai.

"Nicola en Ben is verskriklik opgewonde oor die koms van hulle eersteling en haar ma ondersteun haar ook in dié vreugdevolle tyd," het haar woordvoerder, Andrew Farr, gesê.

Nicola sal die kleinding in Desember Suid-Afrika toe bring vir 'n uitgerekte somerkuier.

Sy en Ben het verlede jaar op 15 Junie die knoop deurgehak met 'n swierige troue in St Tropez. Skaars vier maande later was sy swanger.

Die voormalige Suid-Afrikaanse model het 'n paar jaar gelede internasionaal naam gemaak en sy't ook nou saam met die eiendomsontwikkelaar Donald Trump gewerk.

Sy het haar egter vanjaar met liefdadigheid- en opheffingswerk in Afrika besig gehou.

MELANY WOOBERG